

⇒ **JY MAG NIE BETROKKE WEES** BY DIE OKKULTE NIE! .. Dit is lynreg teen God se plan



Okkulte beteken: dit wat in die geheim is, of dit wat verborge is. - Ons beweeg dus op die terrein van die geheimsinnige en bonatuurlike. Okkultiese-praktyke kan direk gekoppel word aan die werking van bese magte. Meeste mense besef nie die sterk houvas a.g.v. hulle blootstelling aan die okkulte nie. Ek kan u verseker, dat al was u uit onkunde, of uit moedswilligheid, of uit radeloosheid of selfs voor jou wedergeboorte betrokke by enige een van die volgende okkultiese praktyke, dan is u alreeds besmet met 'n vloek. (Sien voetnota) Dit is nie net 'n kwessie van vergifnis vra nie, maar dit is 'n losmaking van die vloek wat moet plaasvind. Sy Woord maak melding van 'n tweede persoon wat vir jou moet bid ... twee is baie sterker as een en verslaan twee nie tienduiseend nie? Myns insiens is dit makliker as jy 'n maat het om saam met jou te bid, maar op jou eie kan jy dit ook doen as jy die sonde voor die Here bring.

"Ek weet van gevalle waar die persoon onmiddellik verlos was van okkultiese bindinge met wedergeboorte, maar vind tog baie mense wat verlos moet word in 'n latere stadium."

HOE KOM DEMONE OP/IN MENSE? .. Ek glo hulle beïnvloed jou deur jou sintuie Satan of sy demone kan nie na willekeur in 'n mens kom nie. Hy kan slegs in jou lewe kom as u hom plek gee. Hier volg 'n paar riglyne. 1) Oorerwing; Veral vind ek dit met die okkultiese betrokkenheid van jou voorouers. As hulle daarmee gemoeid was, dan kan die kinders dieselfde vloek dra. (U reaksie bepaal die kwaliteit van u lewe). Breek die familie verbintenis, bid vir jou familie se vrymaking, vergewe hulle vir die vloek wat hulle oorgedra het, vra vergifnis vir jou reaksie en verklaar dat God nou jou Vader is. Breek die sielsverbintenis af, bid vir hulle redding, vergewe hulle vir die vloek wat hul op jou oorgedra het, vra vir vergifnis en distansieer u van die sonde. Ek persoonlik glo nie dat die vloek of die binding of die verhouding om God voluit te dien deur die "bloedlyn" kan kom nie maar wel deur gedragspatrone wat aangeleer was van leiersfigure.

b. Glasie-glasie speel, en die besoek aan spiritualistiese kerke 'n Gees wat homself voordoen asof hy die afgestorwe persoon is - "'n bekende gees" - verskyn aan jou, of aan die medium met 'n sogenaamde boodskap. Saul gaan besoek die heks van Endor en word meegedeel dat hy gaan sterf. God verbied die mens om by hierdie gruweldade betrokke te wees.

c. Waarsêery 'n Mens se nuuskierigheid en onsekerheid omtrent die toekoms is die vernaamste rede waarom hy hom wend tot die okkultiese praktyk. Ek is teësin dat enige persoon vir my die hande oplê en aan my 'n sogenaamde profesie gee. Wie weet of die persoon nie dalk 'n medium is nie? Bygesê is 'n profesie daar vir opbouing, versterking en bemoediging en nie vir 'n voorspelling van jou toekoms nie. Slegs ter bevestiging van wat u alreeds weet.

Daar is verskillende vorme van waarsêery: Kristalbal, handpalmlesery, teekoppie-lees, kaarte, gooi van dolosse, astrologie en pendulums, - die pendulum (die swaai van 'n ring) is baie gewild onder die vroulike geslag met die voorspelling van die geslag van hulle ongebore babas. Kruiemedisyne word selfs aangewend asof daar 'n bonatuurlike genesende mag daarin kan wees. Waterwysing kan slegs deur 'n medium aangewend word om ondergrondse water aan te wys d.m.v. 'n stok, of 'n draad, of selfs 'n bottel water en is dus 'n vorm van waarsêery.

2] Die verlange na genesing Dit is die mees algemene begeerte by die mens om gesond te wees. In sy soeke na gesondheid sal hy na enigiets gryp wat dalk kan help. Daar is baie mense wat beweer dat hulle genesende hande het, ander weer wat jou oë "lees" soos 'n kristalbal (homeopate). Ander "begaafdes" sal weer na die voetsool kyk en daarvolgens jou kwale aan jou uitwys (refleksologie). Diesulkes wat hierdie "leeswerk" doen, is mediumisties en hulle "kennis" is van demoniese oorsprong. hulle doen maar net presies dieselfde as wat fortuinvertellers doen wanneer die kristalbal gelees word. Ander gebruik weer naalde (akupunktuur), terwyl die "Christian science" ook heelwat veld gewen het hier in ons eie land. Selfs die besoeke aan toordokters en Slamaaiers is nie onbekend nie. Dit is nie te betwyfel dat daar wel genesings plaasvind onder hierdie misterieuse sambreel van die okkulte nie, maar 'n prys word betaal.

⇒ **MAAK SKOON JOU HUIS** ... Tiaan Gildenhuis se gedagtes oor die onderwerp. Die skrywer se siening is nie noodwendig my siening nie.

Kan ons sogenaamde 'kontakvoorwerpe' in ons huise hê wat skuilplek bied aan demone?

Let veral op na die volgende * Afrika kuns - enige artikel wat deur swart kunstenaars gemaak is, het die potensiaal om 'n probleem te veroorsaak. Van hierdie 'kunstenaars' roep die toordokters in om die werkstuk te seën sodat dit verkoop kan word. Hulle werkswyse sluit ook in die gooi van dolosse word of 'muti' wat oor die voorwerp gesmee word. Baie van hulle is betrokke by 'voorvaderlik' verering. * Feetjies, kabouters en trolle- soos sommige glo in die tokkelossie' glo ander weer in die eersgenoemde. Trolle verteenwoordig demone. * Spiderman en Hulk en Batman en Pokemon en Liewe Heksie ens. Hulle verteenwoordig die bonatuurlike en probeer die plek inneem van die Heilige Gees. U kinders sal dalk in nood diesulkes aanroep en nie hulle God nie! Lees John Gardiner se boek "Is my kind veilig" * Video's en films en pornografiese materiaal - vier en elke vyf rolprente is deurspek met geweld of die okkultiese of verwek vrees of moedig owerspelige verhoudinge aan. Baie is godslasterlik. * Oosterse beelde, klere, artikels en gevegskunste. Baie van ons mense besoek die heidense tempels. Gemaklik trek hulle hul skoene uit en buig voor die 'beelde' neer. Baie koop ook aandenkings en word mislei deur die 'magiese' kragte. Lees ook Gerhard van der Hoven se boek oor 'Die ontmaskering van Karate' * Oorlogsaandenkings, sataniese tekens en simbole, gewone speelkaarte - wat 'n verspotting maak van Jesus - aandenkings en ou liefdesbriewe of selfs foto's van gebroke verhoudings. * Musiek met 'n okkultiese inslag - Black Sabbath, Ozzy Osbourne, Iron Maiden, Motley Crue, AC/DC, Rolling Stones, Led Zeppelin, KISS, Pink Floyd, Styken, Santana, Pearl Jam, ZZ Top, Deep Purple, Metallica, Nirvana, Marilyn Manson, Megadeath, Eminem, Danzing ens. Lees Andre' Potgieter se boek 'Pop Rock' * Dreamcatchers, Egiptiese en Aztec, die Unicorn, good luck charms, kersboom en kersvader, engeltjies, wind chimes ens. Alles versinnebeelding van die bese en in sensitiwiteit moet u God se Gees vra of hierdie elemente in u huis hoort. * Toonringe - die oordra van voorvaderlike beskerming van die een geslag na die volgende of seksuele vermoëns -, enkelkettinkies - sprekend van geen gesag/man/prediker sal oor my heers nie-, tong-knippe, en naeltjieringe -seksuele aangetrokkenheid-, tatoeërmerke. Die almal spreek van heidense gebruike.

Metodes van reiniging – eie kommentaar bygevoeg.

1. Stap deur u eiendom en verwyder die elemente wat u pas van gelees het, -dit is artikels wat deur baie geïdentifiseerde was in die verlede- en vra dan God se Gees om ook ander elemente aan u uit te wys. Act 19:19 en verseke van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand; en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwerstukke was. So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword.
2. Begin in die agterste vertrekke en gee aan God die lof en eer. Herhaal Dawid se aanvangsgebed - 1Sa 17:45 Maar Dawid sê vir die Filistyn: ... ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërske, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.
3. Neem gesag oor elke onreine gees wat God se Gees wil verhinder om vrede voort te bring en beveel hulle om te gaan. Luk 10:19 Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. Maar julle moenie daarvoor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.
4. Verklaar Josua se strydkreet Jos 24:15 Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien .. maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.
5. Neem nou olyfolie en salf u huis. Gen 35:14 En Jakob het 'n gedenksteen opgerig op die plek waar Hy met hom gespreek het, 'n gedenksteen van klip, en daarop 'n drankoffer uitgegiet en olie daarop gegooi. En Jakob het die plek waar God met hom gespreek het, Betel genoem. Exo 12:22 En neem 'n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is, en stryk aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is. .. En die doodsengel het verbygegaan.
6. Spreek God se seën –as 'n geloofsdaad- uit oor u familie. Deu 28:2 .. Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld. Geseënd sal jy wees die vrug van jou liggaam .. Geseënd sal jy wees jou mandjie en jou baksottel. Geseënd sal jy wees by jou ingang, en jou uitgang.
7. Visualiseer die volgend. Jdg 6:34 En die Gees van die HERE het Gideon vervul; .. En hulle het die vyand verslaan... nadat hy die onreinheid verwyder het.

⇒ **SIMPTOME WAT DAAROP DUI DAT U ONDER 'N VLOEK KAN WEES!**

Voordat daar na die persoon se emosionele probleme gekyk kan word, moet eers aandag gegee word en die moontlikheid moet eers ondersoek word of dit nie 'n okkultiese vloek is wat werkzaam is in die persoon se lewe nie. Weens die feit dat die kursus op die sielsdimensie geskoei is, word daar eers met die okkultiese gedeel. Ek vind dat ongeveer 20% van al ons emosionele probleme hulle oorsprong hiervandaan kan kry.

* **Liggaamlike simptome** Voortdurende hoofpyne, 'n swaar drukkende gevoel op die skouers, lamheid in die bene, abnormale probleme in die vrouedele, epileptiese aanvalle, knaende moegheid, sere wat aan die voete en bene ontstaan, 'n swak eetlus of rillings deur die liggaam. Dan het ondervinding my verder geleer dat selfs kinderloosheid, aanhoudende siektes, finansiële probleme, probleme met die kinders, probleme in die familie of probleme met die huwelik, 'n direkte nagevolg kan wees van okkultiese betrokkenheid, hetsy by uself, of by u huweliksmaat. Of a.g.v. 'n owerspelige verhouding in die huwelik óf voor die huwelik, of 'n vloek wat oorgedra is van die familie, of 'n vloek wat teen u uitgespreek is, of 'n vloek wat u oor uself uitgespreek het.

* **Emosionele simptome** Onbeheerbare woedebuie, abnormale sterk seksdrange en dwingende gedagtes rondom seks, selfmoordneigings, abnormale vrese, depressie, kompulsiewe gedrag, afwykende gedrag (persoonlikheid verander). Sielkundige probleme is slegs 'n voortsetting van emosionele probleme. Skisofrenie, anoreksie, bulimie

* **Verdere simptome:** Angsdrome, die tokkelossie, gedurige verskyning van dooies in jou drome, astrale projeksie, stemme wat praat, probleme met Bybel lees en kerkbesoek, nare voorgevoelens en voorbodes, gedaantes wat rondbeweeg in jou huis, liggaamlike letsels wat op 'n onverklaarbare manier aan jou liggaam voorkom.

'n Vloek (siektes, finansies, huwelik's probleme) sonder 'n oorsaak kan jou nie tref nie.

Verdere skrifverwysings

Beswering- beoefening van toorkunste. Dan. 1:20.

Towery handel oor bese geeste.

Gal. 5:19-21.

Towerkunste dieselfde as towery.

Hand. 8:9-11

Afgodery ook towery Mig. 5:12.

Heksery- soos towery. Jes. 19:3.

Nekromansie— praat met die dooies. 1 Sam. 28:1

Towerkunste- bonatuurlike kunste of praktyke.

Hand. 19:19

Towerspreuk om iemand te vervloek. Jes. 19:3

Voorsegger- om te voorspel. Jes. 47:13

Verklaring van voortekens- Deut. 18:10

Waarsêery- fortuinvertellery. Hand. 16:16.

Astrologie- sterrewiggelary. Jer. 10:2

'N LYS VAN OKKULTIESE BEDRYWIGHEDDE ... al was jy daar voor wedergeboorte

(Bespreek met kliënt en merk die oortreding af waarmee hy/sy homself mee bemoei het)

Sterrevoorspelling (tarrots) Fortuinvertelling
(teekoppie, kaarte) * Homeopatie * Akupunktuur *
Kleur-analise * Klankterapie Waterwys Vreemde
godsdiens (Mormone ens.) Spiritisme ... Tatoeëring
Besoeke aan toordokters Voorvaderverering (oupa
wat dood is.) * Bygelowe (swartkat, Vrydag die 13de)
* Okkultiese speelgoed (Poke'mon) * Vrymesselary *
Astrale projeksie (verlaat liggaam) Dobbel (beroep op
'n geluksgodin)

Glasië-glasië speel Rod en Pendulum (ring, hoeveel
kinders) Geloofsgenesers (godloënaars) *
Refleksilogie * Aromaterapie (wieroek) Joga/
meditasie .. Pilates Judo/karate Dwelms/
drankmisbruik * Hipnose (neem beheer oor jou
denke) Slamaaiers Dra van gelukbringers
Afgodsbeelde in die huis Satanistiese popmusiek
Satanisme Beswering (spreek vloekte uit) Fanatisme
(hardloop agter elke profeet aan)

Jes 8:19 En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste
wat waarsê, wat piep en mompel—moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die